SAKE 24 (Rapport)
20 Nov 2011, p.12

TESTAMENTE

# Goedkoop kan duur wees



**RAAD MET JOU RANDE**

NICO VAN GIJSEN

Twee lesers vra 'n voorbeeld van 'n "eenvoudige" testament.

Een wil ook weet oor die aanstelling van 'n eksekuteur omdat eksekuteursgelde "te hoog" is. Sy en haar man se totale boedel, hoofsaaklik 'n belegging, is maar sowat R750 000 en sy wil dit gelykop laat verdeel tussen vier erfgename.

Jy kan byna enigeen (belaglikhede buite rekening gelaat) aanstel as eksekuteur. Maar die meester van die hof sal die aanstelling eers moet goedkeur. En selfs al het die meester die aanstelling goedgekeur, kan 'n erfgenaam wat gegrief voel, hom op 'n hof beroep om die meester se goedkeuring tersyde te stel.

Wat belangriker is, is of die persoon die vermoë en die kundigheid het om 'n boedel te kan afhandel. Werk eerder met deskundiges en betaal die professionele tarief.

As jy tevrede voel dat jou eggenoot, of lewensmaat, die kundigheid en vermoë het om 'n boedel af te handel, stel hom of haar gerus aan as eksekuteur. As die bedoeling egter is dat hy of sy ná jou dood moet gaan soek vir 'n "winskopie-eksekuteur", moet jy baie mooi nadink.

Daar's 'n paar geldhiënas wat doodkiste najaag en aas op betraande weduwees. Ek weet van meer as een geval waar 'n weduwee twee keer gehuil het: die eerste keer toe haar man sterf en die tweede keer toe sy agterkom haar geld is ook weg.

Ek dink ook nie 'n "eenvoudige" testament is die antwoord nie. In een so 'n "eenvoudige" testament het ek al gesien dat die testatrise as haar eie eksekuteur aangestel word! 'n Testament moet aan sekere regsvereistes voldoen.

En dan is die korrekte taalgebruik ook belangrik. Onthou, jy is dood, jy gaan nie kan kom verduidelik wat jou bedoeling eintlik was nie. Wat as een van jou vier erfgename dalk voor jou sterf – na wie toe gaan sy erfenis? Moet dit verdeel word tussen die ander drie, of gaan dit na sy kinders? As dit na minderjarige kinders moet vererf, wie moet die geld bestuur? 'n Trust? Het jy voorsiening gemaak vir die opstel van so 'n trust?

Dit klink dalk "eenvoudig" om te sê alles moet gelykop verdeel word, maar wat is gelykop? Moet erfgename skenkings en lenings wat jy in lewe aan hulle gemaak het, nou inbring om "gelykheid" te bewerkstellig?

Dít is wat die reg vereis, tensy dit spesifiek uitgesluit is in die testament. En as jy dit uitsluit, weet jy dat hulle dalk kapitaalwinsbelasting moet betaal op daardie bemaking?

Dit is maar paar slaggate waaraan ek vinnig kan dink met 'n "eenvoudige" testament. As jy móét kies, kry liewer 'n goeie testament. 'n Nie-professionele eksekuteur kan nog oor die weg kom met 'n goed opgestelde testament, maar selfs 'n hoogs kundige eksekuteur kan vasval met 'n swak opgestelde testament.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*